



Jesus het vir my 'n boodskap gegee wat ek vir iemand hier moet bring, maar ek weet nie vir wie dit is nie.

Sedert die vroegste geskiedenis van die kerk, was daar nog altyd leraars wat hulle invloed gebruik het om die kerk te stuur in 'n reël bediening in waar daar van die lidmate verwag word om 'n stel reëls na te kom sodat God behaag kan word. Allerhande taktieke word gebruik om hierdie leer te regverdig en so te bewys dat dit is wat die HERE van ons verwag. Dit was ook so in die tyd van Paulus en laasgenoemde het hom verskeie kere sterk teen hierdie leer uitgespreek.

In Galasiërs 5:1 sien ons hoe Paulus hom uitspreek teen hierdie reël bediening waar daar leraars was wat die kerk verplig het om die Wet van Moses te gehoorsaam. Paulus sê dat ons moet vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het en nie moet toelaat dat ons weer onder die juk van diensbaarheid geplaas word nie.

Om hierdie woorde te kan verstaan, is dit belangrik dat ons moet weet dat die Wet van Moses aan die Israëliete gegee is om hulle anders te maak as die ander nasies van die aarde. Die Wet is ook aan hulle gegee om hulle in bewaring te hou vir die dag wanneer Christus gebore sou word. Laastens is die Wet aan hulle gegee om hulle in gereedheid en diensbaar te hou sodat hulle nie daarvan sou afdwaal nie. Die Wet is nie vir ons gegee nie, want ons is nie Israëliete nie en self al was ons, het Jesus gekom en ons vry gekoop met Sy Bloed! AMEN!

Vir ons het die Wet geen betekenis nie en soos Paulus tereg in vers twee en drie sê, as ons sou probeer om die wet te onderhou, ons losgemaak sou wees van Jesus Christus en dan sal Sy dood aan die kruis vir ons geen betekenis hê nie. Ons sal dan verplig wees om die HELE wet te onderhou omdat ons losgemaak is van Christus en daarom van die genade verval het waarin ons gestaan het!

Ek wonder baie keer of mense beseft die prys wat op Golgota vir ons betaal is... Buiten die vergifnis van sondes is ons ook vrygemaak. Ons val onder die genade van God, want beteken dat baie van die sonde wat ons pleeg ons vergewe sal word. Dit beteken nie dat ons 'n kaartjie het om te sondig soos ons wil nie, want ons mag die Gees wat in ons is nie ontstel nie, maar buiten dit kan ons doen soos ons goed dink. Dis die vryheid

waarvoor Jesus baie duur betaal het om te sorg dat ons dit kry! Om hierdie vryheid te wil verruil om terug te gaan na die ou dinge, maar daarom nie sin nie! In beginsel verruil jy al die vryhede wat jy het vir 'n stel reëls waarin daar geen redding is nie.

Ek wil tereg sê soos Paulus in vers twaalf dat die wat julle verkeerd leer hulleself tog maar moet vermink. Daar is net een reël vir ons om te volg en dit is dat jy jou naaste moet lief hê soos jouself. Enige ander reëls wat deur wie ook al op jou afgedwing word is nutteloos. Moenie daarna luister nie, want daardie reëls het net een doel voor oë en dit is om die vryheid wat deur Jesus Christus gekoop is van jou weg te neem en jou in kettings geboei te hou.

Eet wat jy wil en vier die feeste wat jy wil, maar hou jou oog op Jesus en wees lief vir jou naaste. Daar het ek alles nou vir julle in een sin opgesom! Ek hoop dat die persoon of persone op wie hierdie boodskap van toepassing is lees dit en neem dit ten harte, want Jesus sal nie vir my hierdie boodskap gegee het as dit nie vir iemand bedoel is nie.

Prys die Heilige Naam van die HERE!